

# Eldo-Gespreksgids

Jos. 1:8

Ons het Sondag met 'n nuwe preekreeks afgeskop: die *Beleef God Preekreeks*. In hierdie Preekreeks gaan ons bietjie kyk na die verskillende manier hoe ons God kan ervaar en Hom kan aanbid. Met ander woorde, ons gaan bietjie dieper delf in die 4 verskillende spiritualiteitstipes: die intellektuele (of Kop), die emosionele (of Hart), die mistieke (of Vlam), en die aktiewe (of Hande).

Ons het Sondag begin met die eerste: die intellektuele of Kop Spiritualiteitstipe. Nou om te sê dis die "intellektuele" is bietjie misleidend. Al wat dit eintlik wil probeer sê is, dit is analities van aard. Dis waar mens baie keer nadink en interpreteer en oplees oor God en die Bybel. Die mees algemeenste voorbeeld hiervan is om, alleen of saam met ander, Bybelstudie te hou. Dit is waar jy 'n stukkie uit die Bybel lees, daaroor nadink en ook ander boeke, kommentare, of selfs mense naslaan om dit beter te verstaan om verdere inligting daaroor te kry. En dan uit hierdie verdere oplees en beter verstaan van die Bybelteks, voel mens jy het meer van God geleer en oor wie Hy is, en kry mens hierdie lekker gevoel binne jou van "Wow, God en die Bybel is amazing!" En hoe meer mens aangelê is vir hierdie spiritualiteitstipe, hoe groter sal hierdie "Wow" gevoel wees.

Mens kan hierdie spiritualiteitstipe ook beoefen deur bietjie na te dink oor moeilike filosofiese vrae oor die Bybel. Dit kan "eenvoudiger" filosofiese vrae wees, soos: was daar kangeroes in die ark as hulle net in Australië voorkom? Of hoe het Kain 'n vrou gekry as sy ouers Adam en Eva was? Of hoe was Jona deur 'n vis ingesluk as 'n walvis se keel net so groot is? Maar baie keer is dit ook "moeiliker" filosofiese vrae, soos: hoe verstaan ons die Drie-eenheid (ons glo in God die Vader, God die Seun, en die Heilige Gees, maar tog ook in een God). Hoe verduidelik ons hierdie drie-in-een? Of dalk die Teodisee-vraagstuk: hoekom gebeur goeie goed met slegte mense en slegte goed met goeie mense? Hoekom is daar seer, pyn en lyding in die lewe?

Baie keer gaan ons nie altyd al die antwoorde hê nie, en dis ook okay. God is 'n grote heilige almagtige wese, hoe kan ons Hom ten volle verstaan met ons klein menslike brein? So ons gaan nie altyd alles weet nie. En dis wat hierdie spiritualiteitstipe so amazing maak! Mens sal nooit hiervan versadig kan word nie. Mens sal altyd meer kan leer. Mens sal altyd iets anders in die Bybel raaksien wat jy van te vore nie raakgesien het nie. Maar dit alles begin met die lees van die Bybel. So, lees jou Bybel! Maak tyd om dieper te delf in God se Woord, want dit is die primêre bron wat ons van God het. Dit is die hoofbron wat ons leer van ons Here.

## Gespreksvrae

1. Hoe beoefen jy die Kop spiritualiteitstipe? Bv. as jy Bybelstudie doen, wat doen jy? Watse boeke lees jy of waarna kyk jy? Deel bietjie met die groep en kyk of julle dalk 'n paar idees kan uitruil.
2. Hoekom is filosofiese vrae oor die Bybel soms 'n sensitiewe saak? Hoe moet mens hierdie "sensitiewe" filosofiese vrae aandurf?
3. Hoe maak jy tyd vir Bybel lees in jou dag-tot-dag lewe?

**Bonus vraag:** Praat gerus oor een of twee van die volgende vrae as julle graag sou wou of as die tyd dit toelaat:

- Was daar kangeroes in die Noag se ark?
- Hoekom gebeur goeie goed met slegte mense en goeie goed met slegte mense? Hoekom is daar iets soos pyn, lyding en hartseer in die lewe?



**ELDORAIGNE**  
FAMILIEKERK  
Hiér maak JY saak